

SKRIFLESING: Mark 10:35-45

Tema: Ons is kerk om te dien.

Ons wil so graag belangrik wees. Ons jaag eiebelang en invloed na. Ons wil baaspeel.

Die strewe na glorie, mag, rykdom en eer kom by alle mense en daarom ook by kerke voor. Sukses word gemeet aan woorde soos: meer, groter, beter en vinniger. Mense word beïndruk deur geld, getalle en geboue. Die wêreld het reggekry dat ons verkeerd dink oor Christenwees. Christenwees is nie bekorend, betowerend of romanties nie. Alle Christene gaan nie gesond word of aftree by die see nie.

Jesus het al drie maal Sy komende lyding en dood aangekondig, maar ten spyte hiervan dink Jakobus en Johannes steeds aan Jesus as iemand wat hulle van die Romeinse juk gaan bevry. Hy gaan die Romeine verslaan. Dan gaan Hy groot en belangrik op Sy aardse troon sit en regeer. As Jakobus en Johannes vir Jesus vra dat hulle aan Sy regter- en linkerkant kan sit, dan wil hulle nie naby aan Hom bly nie. Nee, hulle wil in ereposisies sit. Hulle wil saam regeer.

Die tien ander dissipels is vir Jakobus en Johannes die joos in en nie om die regte redes nie. Hulle is verontwaardig omdat dié twee 'n voordeel bo hulle probeer kry.

Dit is steeds maar waar vir baie van ons. My behoeftes moet bevredig word. Ons wil soos aardse regeerders baaspeel. Ek besluit wat gebeur en wat nie. Groot manne misbruik hulle mag om van bo af oor gewone mense te regeer. Dit is wie ons is. Maar dit is nie wie ons moet wees nie. Ons lees in Mark 10:43-44: ⁴³“Maar by julle moet dit nie so wees nie. Elkeen wat in julle kring groot wil word, moet julle dienaar wees; ⁴⁴en elkeen onder julle wat die eerste wil wees, moet julle almal se dienaar wees.”

Kan ons verander? Is daar iemand wat my gaan help om van die heerserstroon af te klim waaraan ek soms so krampagtig vasklou? Ons vind die antwoord in Mark 10:45: “Die Seun van die mens het ook nie gekom om gedien te word nie, maar om te dien en Sy lewe te gee as losprys vir baie mense.” Dit is die doel van Jesus se lewe.

Jesus het gekom nie om gedien te word nie, maar om te dien. Hy het my sonde en my sondige geardheid kom oorwin.

As iemand in hierdie tyd iemand ter dood veroordeel is, is hy losgeld opgelê. As die losgeld betaal is, kon hy bly lewe. Jesus het Sy lewe gegee as losprys vir baie mense. Hy het nie mense kom bevry van Rome nie. Hy het hulle bevry van bande van sonde en dood, wat baie sterker en erger as die slawebande van Rome was.

Hy het my en jou losgekoop van wie ons was. Hy stel my in staat om die “eie belangrike sondige ek” te kruisig. Hy maak my vry van myself. Hy maak my vry van my strewe na mag en eer. Hy maak my vry van my verslawing aan myself, my prestasies en my glorie. Hy maak my nuut om meer soos Hy te dien.

Ons mag dit nie vanoggend net hoor en opnuut daardeur beïndruk word nie. Dit is interessant dat Jesus so kort gelede as Mark 9:35-37 met sy dissipels gesels as hulle loop en stry oor wie die belangrikste is in die Koninkryk: ³⁵“Jesus het gaan sit en die twaalf geroep. Hy sê toe vir hulle: “As iemand die eerste wil wees, moet hy die heel laaste en almal se dienaar wees.” ³⁶Toe het Hy 'n kindjie geneem en hom tussen hulle laat staan. Hy het sy arm om hom gesit en vir hulle gesê: ³⁷“Elkeen wat so 'n kindjie in my Naam ontvang, ontvang My; en elkeen wat My ontvang, ontvang nie net vir My nie, maar ook vir Hom wat My gestuur het.” Baie duidelik het die dissipels nie Sy boodskap ter harte geneem nie. Elkeen van ons moet luister en onself oorgee. Ons moet onself verloën. Dan verander Hy ons om al meer soos Hy te wees. Ons moet ons laat vervul met die Heilige Gees. Die Heilige Gees help my van my troon af om te gaan leef volgens die Here se maatstawwe en in sy voetspore.

Die Here se maatstawwe is anders as die van die wêreld. Sy Koninkryk het niks te doen met trone en paleise nie. Hy regeer deur te dien, deur voete te was.

Ek en jy is kerk nie om gedien te word nie, maar om te dien. Egte geestelike grootheid in God se oë word nie verkry in die strewe na wêreldse grootheid nie, maar juis in die afsien daarvan.

Die wêreld gaan in hulle besluit of jy belangrik is vir jou vra oor hoeveel mense jy heers. Jesus gaan in sy besluit of jy belangrik is vir jou vra, hoeveel mense dien jy? Ons is aan die einde van Koninkrykstyl, 'n tyd waarin Jesus juis vir elkeen van ons die opdrag gee: "Soos die Vader my gestuur het, so stuur Ek julle."

Hoor as Jesus nou vir jou vra: "Is jy bereid om my slaaf te wees? Is jy bereid om jou sogenaamde regte prys te gee, om jou hande en voete vir my vuil te maak? Kom jy tussen armes, siekes en hulle sonder regte in my naam? Eet jy, soos Ek, saam met sondaars? Getuig jy, soos Ek, teenoor onsedelikes? Kuier jy, soos Ek, by siekes? Help jy, soos Ek, armes? Bid jy, soos Ek, vir gevangenes?"

Is jy bereid om Sy lydingsbeker van smart en seerkry en van toorn en verwerping te drink omdat jy 'n kind van die Here is? Is jy bereid om, soos Hy, in lyding gedoop te word?

Jakobus, wat 'n ereposisie soek, is die eerste dissipel wat 'n martelaarsdood sterf. Ons lees daarvan in Hand 12:2 "Herodus het vir Jakobus, broer van Johannes, met die swaard laat doodmaak." Johannes word verban na die eiland Patmos omdat hy die woord van God en getuie van Jesus verkondig het. (Open 1:9)

Is jy bereid om lyding twv Jesus te vat of kla jy oor enige teenstand wat jy ervaar? Gebruik jy die geringste verskoning, een of twee mense in die gemeente, 'n kerkraadslid of dominee as verskoning om nie die Here te dien nie. Jou verskoning gaan dalk op aarde werk, maar nie in die hemel nie.

Is jy bereid om tot eer van die Here op te offer? Is jy bereid om te doen wat Hy vra, of dit jou pas of nie? Daar waar jy nou is, by jou huis, werk of skool is nou die plek waar die Here jou wil gebruik. Dien jy Hom daar gehoorsaam, bly jy getuig tsv die prys wat dit jou kos?

Ek sluit af met treffende gelykenis oor ons as die kerk.

Die reddingstasie ('n Gelykenis oor die kerk deur Theodore Wedel.)

Iewers in 'n land langs 'n gevaarlike stuk kuslyn waar skeepsrampe dikwels plaasgevind het, was 'n eenvoudige klein reddingstasie. Sommer net 'n hutjie met een bootjie. Maar 'n paar getroue lede het voortdurend die see dopgehou en dag of nag, wanneer dit ook al nodig was, sonder om aan hulself te dink, uitgegaan om mense te red en na drenkelinge te soek. Baie mense is gered deur dié wonderlike klein reddingstasie, sodat sy roem wyd versprei het.

Baie van dié wat gered is en baie ander mense vanuit die omgewing wou hulle graag met dié stasie vereenselwig. Hulle het geen tyd, geld of moeite ontsien om die reddingswerk te steun nie. Nuwe bote is gekoop en reddingspanne opgelei. Die klein ou stasietjie het gegroei. Sommige lede was beswaard omdat die geboutjie so eenvoudig en so swak toegerus was. Hulle wou 'n geriefliker ruimte skeep as eerste toevlug vir diegene wat gered word. Die noodbedjies is deur regte beddens vervang, die gebou vergroot en met beter meubels toegerus. Die reddingstasie het 'n gewilde bymekaarkomplek vir sy lede geword. Hulle het dit pragtig versier en uitstekend begin toerus, byna soos 'n soort klub.

Min van hul was nog lus om self uit te gaan op reddingspogings, daarom het hulle spanne menseredders aangestel en betaal. Die menseredding-motief was steeds oorheersend in al hul versierings. In die vertrek waar hul nuwe lede ingelyf het, het hulle selfs 'n pragtige simboliese reddingsboot geplaas.

Min of meer dié tyd het 'n groot skip in die omgewing gestrand. Die gehuurde spanne het bote vol koue, nat, halfverdrinkte mense ingebring. Hulle was vuil en siek, en baie was nog van ander nasies en afkomste ook. Die pragtige nuwe klub was in chaos.

Die eiendomskommissie het kort hierna 'n aparte storkamer buite laat aanbring. Daar kon slagoffers van toekomstige skeepsrampe eers skoon en ordentlik gemaak word voordat hulle in die klubgebou sou inkom.

Sommer met die volgende vergadering was daar egter skeuring tussen die klublede. Die meeste wou summier alle reddingsaktiwiteite beëindig, omdat dit tot onaangenaamhede gelei het en 'n hindernis was vir die normale sosiale lewe van die klub. Sommige het egter daarop aangedring dat menseredding die primêre rede vir hul bestaan as klub was, en dat hulle ook nog so bekend gestaan het. Uiteindelik is hulle egter uitgestem. Die besluit was dat, as dié beswaardes nog wou voortgaan om die lewens te red van al die uiteenlopende soorte mense wat in skeepsrampe beland het, hulle hul eie reddingstasie verder aan langs die kus kon begin. Wat presies is wat hulle gedoen het.

Maar soos die jare verbygegaan het, het dié nuwe stasie presies dieselfde ervarings deurgemaak en dieselfde veranderings ondergaan. Dit het ook tot 'n aangename sosiale klub ontwikkel en nog 'n verdere reddingstasie moes gestig word.

En so het die geskiedenis homself herhaal...

Vandag, as mense daardie kus besoek, sal hulle sommer 'n hele string pragtige en eksklusiewe klubs daar aantref. Skeepsrampe vind ook nog dikwels in daardie gevaarlike waters plaas, maar die meeste slagoffers verdrink...

En ek en jy, is ons God se reddingstasie of is ons as kerk 'n aangename sosiale klub waar ons lekker wil kuier en bedien wil word?

Ons is kerk om te dien.

Amen

Voorstel vir skakel in kuberamma

Preke

Die wêreld het reggekry dat ons verkeerd dink oor Christenwees. Dit is nie bekorend, betowerend of romanties nie. Alle Christene gaan nie gesond word of aftree by die see nie. Die Here se maatstawwe is anders as die van die wêreld. Sy Koninkryk het niks te doen met trone en paleise nie. Hy regeer deur te dien, deur voete te was. is ons God se reddingstasie of is ons as kerk 'n aangename sosiale klub waar ons lekker wil kuier en bedien wil word? [Ons is kerk om te dien.](#)